# Hoofstuk van die dag: Spreuke 20

> *Wie kan sê: “Ek is rein, ek is onskuldig, sonder sonde”? (vers 9)*

My liewe Jemen
Baie dankie vir jou brief, en vir die wonderlike jenewerhout.

Ons orkesleier, Jonatan ben Korag, sê hy het nog nooit sulke puik jenewerhout gesien nie. Hy wil dit gebruik om nuwe harpe en liere te laat maak.
Jy het gevra oor my opmerking dat God gelukkig nie soos ons is nie, want jy sukkel so met jou skuldgevoelens. Ek moet met jou saamstem dat 'n mens se sondeskuld later 'n muur kan word tussen jou en die Here. En dié muur word mos al hoër en dikker, sodat jy later dink daar is geen hoop meer vir jou nie. Ons kan ook nie regtig self iets doen om dié muur te verwyder nie. Gelukkig hoef ons nie, want God belowe dat Hy self dié muur wegvat as ons in berou oor ons sonde na Hom toe kom. Want Hy weet dat ons maar net mense is, en Hy hou dit in gedagte dat ons stof is. My pa het 'n wonderlike psalm daaroor geskryf. Ek sluit 'n afskrif daarvan vir jou by dié brief in.
Daarom: moenie jou sonde vir God wegsteek nie. As jy jou sonde probeer wegsteek, moet jy niks goeds te wagte wees nie; maar as jy jou sonde bely en daarvan afsien, sal jy genade ontvang. Dan kan jy werklik van jou knieë af opstaan en nuut begin, want die sondemuur is weg!
Ons beur dikwels so bitter swaar – en so geheel en al onnodig! – onder ons sondelas, en dit terwyl God wag dat ons met ons sondes na Hom toe moet kom, sodat Hy die las kan afhaal. Dom, nè.
Sterkte en seën met dié saak!
Salomo ben Dawid

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot


## Argief


Argief Kies 'n maand

© Bybelkoerant 2018 – 2026